

# HOOF- UITVOERENDE BEAMPT se verslag



Ons is bemoedig deur Remgro se positiewe bedryfsmomentum, asook die **verwagte voordele** voortspruitend uit verskeie transformerende korporatiewe aksies wat tans nagevolg en geïmplementeer word. Ons bly optimisties oor Remgro se toekomsvooruitsigte soos die maatskappy hom toenemend **daartoe verbind** om Suid-Afrika se toekoms te help vorm en 'n vennoot in welvaart te wees.

*Jannie Durand*  
Hoofuitvoerende beampte

## Inleiding

Dit is met 'n mengsel van trots en nederigheid dat ons verslag doen oor nog 'n jaar van positiewe finansiële resultate, waarvoor ons al ons personeel, onderliggende beleggings en talle ander belanghebbendes bedank. Sonder hulle sou dit nie moontlik gewees het nie. Ons bied steeds aan ons beleggers goeie opbrengste en verseker dat die besigheid volhoubaar vir die toekoms bly.

In die finansiële jaar onder oorsig was daar heelwat winde van voor wat as uiterste gebeurtenisse beskou kan word en die globale en plaaslike ekonomie ontwig het. Terwyl daar met die spits van die Covid-19-pandemie gestoei is, is die land geruk deur die burgerlike onrus in KwaZulu-Natal en Gauteng gedurende Julie 2021, wat gevolg is deur die voortgesette Rusland/Oekraïne-konflik, voortgesette kragvoorsieningsprobleme en hoë inflasie in die VSA en elders. Ondanks hierdie uitdagings het ons daarin geslaag om 'n stewige herstel te bewerkstellig, met die meeste finansiële aanwysers op hoër vlakke as voor die pandemie. Goeie vordering is ook gemaak met ons strewende om ons portefeulje te optimaliseer en waarde vir belanghebbendes te ontsluit, soos blyk uit verskillende korporatiewe inisiatiewe gedurende die finansiële jaar.


Ondanks die duidelike uitdagings en negatiewe vooruitsigte op 'n globale skaal, glo ek dat ons vertoningsrekord van omsigtige bestuur en sterk finansiële posisie ons goed te staan kom om die huidige storms te trotseer en ons visie gestand te doen van die betroubare, voorkeur beleggingsmaatskappy wat

volgehoue en volhoubare waarde vir belanghebbendes skep. Soos ons voortgaan om waarde te skep en tot Suid-Afrika se welvaart by te dra, het die voorgemelde uitdagings opnuut die behoefte aan gesamentlike optrede beklemtoon om 'n volhoubare toekoms te skep.

Uit 'n omgewingsperspektief het droogtes en vloede in Suid-Afrika ons daaraan herinner dat groter dringendheid nodig is om aandag aan klimaatsverandering te skenk en na nul-uitlatings te streef. Ons moet die omgewingsrisiko's wat ons gemeenskappe bedreig beter bestuur en ons vermoë om dit te hanteer, opskerp.

Covid-19 het ook die ongelykheid in Suid-Afrika, asook wêreldwyd, onderstreep en verhoog. Dit het opnuut beklemtoon dat ons 'n meer gelyke samelewing benodig, waar elkeen die geleentheid het om 'n gesonde en welvarende lewensbestaan binne veilige en ondersteunende gemeenskappe te skep en te handhaaf.

By Remgro het ons nog altyd geglo dat ons 'n fundamentele verantwoordelikheid het om 'n goeie korporatiewe burger te wees, met duidelike gedragsriglyne en die strewende om dit deel van ons kernwaardes te maak. Ons is 'n waardegedrewe besigheid en erken ons maatskaplike en omgewingsverantwoordelikhede dermate. Remgro se lank bestaande beginsels rakende verantwoordelike en etiese besigheid, en ons vertoningsrekord ten opsigte van gemeenskapsinisiatiewe, verskaf 'n stewige grondslag vir ons volhoubaarheidstrategie. Ons is gereed om dit 'n stap verder te voer en het ons fokus op omgewings-, maatskaplike en bestuurspraktyke (ESG) die afgelope jaar verskerp.



Verlede jaar het ons onself die doelwit gestel om 'n leier te wees in die ontwikkeling van ESG en korporatiewe volhoubaarheid in 'n Suid-Afrikaanse konteks en dit doelbewus 'n kernaspek van ons besigheid te maak. Sedertdien het ons hernieude klem daarop geplaas om volhoubaar besigheid te doen. Gelei deur plaaslike en internasionale beste praktyk het Remgro hom daartoe verbind om sy volhoubaarheidstrategie en benadering tot ESG te bevorder en dit ten volle in die maatskappy se sakestrategie te integreer.

Remgro erken die kritieke rol van rentmeesterskap van sy beleggings en glo dat hy die beste resultate in die bevordering van sy volhoubaarheidsagenda kan behaal in vennootskap met onderliggende beleggings regoor hul ekosisteme ten einde meer samewerkende en volhoubare waarde te skep in gemeenskappe waar Remgro en sy maatskappye 'n sigbare betrokkenheid het.

Dit is 'n lang en volgehoue reis, wat ook onmiddellike aksie van almal vereis. Ons hoop al ons beleggers en ander belanghebbendes sal hierdie reis saam met ons aanpak sodat ons die positiewe en blywende veranderinge in die ekonomie en samelewing teweeg kan bring wat, in ooreenstemming met Remgro se doelwit, almal sal bevoordeel.

Terwyl Remgro se intrinsieke netto batewaarde die mees toepaslike aanwyser is van die waarde wat vir ons aandeelhouders toegevoeg word, voorsien die res van hierdie verslag: (i) insig in Remgro se waardasiemetodologie en die integriteit daarvan; (ii) 'n opsomming van ons beleggingsbedrywighede en verpligtinge vir die jaar; (iii) kommentaar oor die heersende ekonomiese klimaat; en (iv) 'n oorsig van die relatiewe vertoning van Remgro se INBW per aandeel en interne opbrengskoers soos gemeet teenoor gekose JSE-indekse.

## Intrinsieke netto batewaarde

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 20.2%, vanaf R177.33 op 30 Junie 2021 tot R213.10 op 30 Junie 2022, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2022 was R129.91 (30 Junie 2021: R114.60), wat 'n diskonto van 39.0% (30 Junie 2021: 35.4%) op die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Op 30 Junie 2022 was 33% van Remgro se onderliggende beleggings verteenwoordig deur

ongenoteerde beleggings (2021: 37%). In hierdie verband moet daarop gelet word dat voor die ontbondeling van Remgro se belang in RMB Holdings Beperk (RMH) op 8 Junie 2020, 23% van Remgro se onderliggende beleggings deur ongenoteerde beleggings verteenwoordig is, met die aandeelprys wat teen 'n diskonto van minder as 30% van die intrinsieke netto batewaarde verhandel het. Terwyl die vergroting van die korting sedertdien nie in daardie stadium voorsien is nie, wys dit hoe belangrik dit is om die juistheid van intrinsieke netto batewaardes te demonstreer in 'n portefeulje wat toenemend uit meer ongenoteerde beleggings gaan bestaan.

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, waarby filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings geïnkorporeer is teen óf genoteerde markwaarde, of in die geval van ongenoteerde beleggings, ander insette vir die bates wat nie op waarneembare markinligting gegrond is nie.

Riglyne vir die voltooiing van waardasies word verkry van *IFRS 13: Billike Waarde Meting*, waar *billike waarde* omskryf word as die prys wat ontvang sal word om 'n bate te verkoop, of te betaal om 'n verpligting oor te dra in 'n ordelike transaksie tussen markdeelnemers op die metingsdatum. 'n Billike Waarde Meting veronderstel dat 'n hipotetiese transaksie om 'n bate te verkoop in die hoofmark plaasvind, of, in die afwesigheid daarvan, die mees voordelige mark vir die bate.

Die waardes verkry uit die waardasie-oefening wat op metingsdatum gedoen word, val binne die *IFRS 13*-raamwerk, wat vereis dat, in die konteks van verdiskonteerde kontantvloeiwaardasies, die ekwiteitsbeta, kapitaalstruktuur en koste van skuld bepaal word op grond van inligting wat vir soortgelyke bates of markdeelnemers verkry word, nadat sekere aanpassings gemaak is. Dit het 'n invloed op die gewegde gemiddelde koste van kapitaal (GGKK) wat gebruik word wanneer die kontantvloei verdiskonteer word vir die doeleindes van die *IFRS 13*-waardasie en sal na verwagting anders wees as dit wat toegepas word in 'n transaksie-waardebenadering, aangesien die teiken of werklike insette vervang word deur insette verkry uit 'n beoordeling van die posisie van hipotetiese markdeelnemers. Gevolglik sal 'n waardasie verkry deur die toepassing van die *IFRS 13*-raamwerk na verwagting verskil van 'n transaksie-waardasie.

Tydens die vorige jaar en as 'n stap om die juistheid van Remgro se intrinsieke netto batewaardasies te verseker, het die oudit-en-risikokomitee 'n waardasie-subkomitee aangestel om die oudit-en-risikokomitee te help om die –

- bepaling van die waarde van Remgro se ongenoteerde beleggings en die interne waardasie van Remgro se wesentlike genoteerde beleggings; en
- aanbevelings oor die waarde van Remgro se ongenoteerde beleggings en interne waardasies van Remgro se wesentlike genoteerde beleggings aan die Remgro-direksie te maak.

Die waardasie-subkomitee staan onder voorsitterskap van mnr Fred Robertson en bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure (twee direkteure wat in die oudit-en-risikokomitee en drie direkteure wat in die beleggingskomitee dien), die hoofuitvoerende beamppte en die hoof finansiële beamppte. Soos hierbo genoem, sal hierdie funksie toenemend belangrik raak soos Remgro se portefeulje na meer ongenoteerde beleggings neig.

## Wesentlike beleggingsaktiwiteite

Op 4 Augustus 2022 het die direksies van Manta Bidco Beperk (Bidco), MSC Mediterranean Shipping Company SA (MSC), Remgro en Mediclinic International plc (Mediclinic) aangekondig dat hul ooreengekom het oor die terme van die aanbevole kontantaanbod deur Bidco om, buiten die Mediclinic-aandele wat Remgro reeds besit, die volle uitgereikte gewone aandeelkapitaal van Mediclinic, en dié wat nog uitgereik kan word, te verkry (die Verkryging). Remgro besit tans 328 497 888 Mediclinic-gewone aandele (wat 'n belang van ongeveer 44.6% verteenwoordig). Bidco is 'n nuutgevormde maatskappy wat gesamentlik deur Remgro en MSC besit word. Ingevolge die Verkryging sal Mediclinic-aandelhouders 504 pennies per Mediclinic-aandeel (die aanbodprys) ontvang. Die aanbodprys verteenwoordig 'n premie van 35% op die Mediclinic-aandeelprys van 373 pennies op 25 Mei 2022, die dag voor die aanvanklike aanbod. Bidco behou die reg voor om die aanbodprys te verminder met toekomstige Mediclinic-dividende (insluitende die 3 pennies per Mediclinic-aandeel wat op 25 Mei 2022 verklaar en op 26 Augustus 2022 betaal is), uitkerings of ander opbrengste, waar huidige Mediclinic-aandelhouders die reg behou tot sulke dividende, uitkerings of opbrengste van waarde wat verklaar, gemaak of betaal word. Remgro, MSC en Bidco het ook ooreengekom dat Remgro sy bestaande Mediclinic-aandele aan Bidco sal verkoop in ruil vir aandele in Bidco en daarby sal inskryf vir bykomende Bidco-aandele ten bedrae van ongeveer £201 miljoen (wat 'n bykomende indirekte belang van ongeveer 5.4% in Mediclinic sal verteenwoordig). MSC sal ook vir aandele in Bidco inskryf (wat 'n indirekte belang van 50.0% in Mediclinic sal verteenwoordig). Die aandeel-inskrywing in Bidco sal die Verkryging moontlik maak. Bidco se uitgereikte aandeelkapitaal sal in gelyke maat deur Remgro en MSC gehou word. Die Verkryging is steeds onderhewig aan verskeie opskortende voorwaardes.

Gedurende April 2022 het Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) sy twee lewensversekering-gefokusde bates, Discovery Beperk (Discovery) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) ontbondel, en Remgro het 51 254 365 Discovery-aandele (7.7%-belang) ontvang, in die verhouding van 10.91799 Discovery-aandele vir elke 100 RMI-aandele gehou, en 122 908 061 Momentum Metropolitan-aandele (8.6%-belang), in die verhouding van 26.18136 Momentum Metropolitan-aandele vir elke 100 RMI-aandele gehou.

Op 15 November 2021 het Distell Group Holdings Beperk (Distell) en Heineken International B.V. (Heineken) hul voorneme aangekondig om Heineken se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries Beperk, met die grootste gedeelte van Distell se besigheid (bestaande uit sy sieder-, ander RTDs, asook die spiritualieë en wynbesigheid) in 'n nuwe ongenoteerde entiteit saam te voeg, wat deur Heineken beheer sal word en as Newco bekend sal staan. Die voorgestelde transaksie sal die ontbondeling van Distell se ongenoteerde aandeelhouding in die filiaal Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin) insluit, wat Distell se oorblywende bates hou, waaronder sy Skotse whiskybesigheid. Die voorgestelde transaksie sal ook 'n aanbod insluit van Newco aan Distell-aandelhouders om hul Distell-aandele teen R165 per aandeel te bekom en/of ongenoteerde aandele in Newco, of 'n kombinasie daarvan, en 'n aanbod deur Heineken aan Distell-aandelhouders om hul Capevin-aandele teen R15 per aandeel te verkry. Die voorgestelde transaksie is op 15 Februarie 2022 deur Distell-aandelhouders goedgekeur. In September 2022 het die Namibiese mededingingskommissie die transaksie met voorwaardes goedgekeur en die mededingingskommissie van Suid-Afrika het dit, met verskeie gepaardgaande voorwaardes, aan die mededingingstribunaal aanbeveel. Wanneer al die regulatoriese goedkeurings ontvang is, sal aandelhouders gevra word om 'n keuse uit te oefen. Remgro beoog om te stem om Newco-aandele vir sy Distell-aandele te ontvang en sal dus na verwagting 'n beduidende aandelehouer in Newco wees. Daarby is Remgro nie van voorneme om die kontantaanbod te aanvaar wat deur Heineken gemaak gaan word vir die Capevin-aandele wat hy ontvang nie, en sal hy na verwagting 'n behorende belang in Capevin behou.

Gedurende Julie 2021 het Remgro, ingevolge 'n regte-uitgifte, vir 67 364 aandele ten bedrae van R2 124 miljoen in Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) ingeskryf. Die opbrengs van die regte-uitgifte is gebruik om die CIVH-groep se skuld te verminder en verdere groei te fasiliteer.

Op 10 November 2021 het Remgro sy aandelhouders ingelig dat CIVH en Vodacom Eiendoms Beperk (Vodacom) 'n ooreenkoms bereik het ingevolge waarvan Vodacom, deur 'n kombinasie van bates ten bedrae van sowat R4.2 miljard en kontant van minstens R6.0 miljard, 'n belang van tot 40% in die gewone aandele sal verkry van 'n nuutgeskepte volfiliaal van CIVH (naamlik Infraco), wat onder andere CIVH se huidige belange in Vumatel en DFA sal hou. As gevolg van die voorgestelde transaksie sal Remgro se indirekte belang in DFA en Vumatel, vanweë Vodacom se toetreding as aandelehouer, verwater, maar Remgro sal ook 'n indirekte belang verkry in die bates wat deur Vodacom bygedra word. Die voorgestelde transaksie is steeds onderworpe aan verskeie opskortende voorwaardes, waaronder regulatoriese goedkeuring.

Gedurende Junie en Julie 2020 het Remgro nulkosteband (zero cost collar)-transaksies aangegaan om die waarde van 60 000 000 van sy FirstRand Beperk (FirstRand)-aandele op 'n 1:1-grondslag te verskans. Die nulkostebande het in Junie en Julie 2022 uitoefenbaar geraak en Remgro het besluit om die 60 000 000 verskanste FirstRand-aandele te verkoop om sy opsieverpligtinge af te los. Die netto opbrengs met die verkoop van 60 000 000 verskanste FirstRand-aandele het R2 997 miljoen ('n bedrag van R49.945 per FirstRand-aandeel) bedra. Remgro het in effek 40 800 000 FirstRand-aandele vir R2 038 miljoen in Junie 2022 en 19 200 000 FirstRand-aandele vir R959 miljoen in Julie 2022 verkoop.

Gedurende Januarie 2022, het Remgro sy 4 329 580 Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping)-aandele vir 'n bruto opbrengs van R1 191 miljoen verkoop.

Die volgende tabelle toon die kontanteffek van Remgro se beleggingsbedrywighede vir die jaar tot 30 Junie 2022. Hierdie bedrywighede sluit die beleggingsbedrywighede van Remgro se bedryfsfiliale, Distell Group Holdings Beperk, RCL Foods Beperk, Siqalo Foods Eiendoms Beperk en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk, uit.

Beleggings gemaak en lenings toegestaan	R miljoen	Beleggings en lenings gerealiseer	R miljoen
CIVH	2 124	FirstRand	1 798
Asia Partners (buiteland)	128	Grindrod Shipping	1 180
Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)	91	Ad Dynamo	196
Invenfin Eiendoms Beperk	54	Bolt	179
Ander	47	Milestone Capital-fondse (buiteland)	71
	2 444	Ander	5
			3 429

## Beleggingsverpligtinge

Die onderstaande tabel som die beleggingsverpligtinge van Remgro soos op 30 Junie 2022 op.

Beleggingsverpligtinge	R miljoen
Asia Partners (buiteland)	918
PRIF	1 377
Ander	34
	2 329

## Relatiewe vertoning van intrinsieke netto batewaarde en Remgro interne opbrengskoers (IOK)

Die onderstaande tabel vergelyk die Remgro intrinsieke netto batewaarde per aandeel met sekere gekose JSE-indekse op 30 Junie gedurende die laaste vyf jaar. Die wesentlike afname in Remgro se aandeelprys en intrinsieke netto batewaarde op 30 Junie 2020 weerspieël die ontbondeling van Remgro se belang in RMH op 8 Junie 2020, sowel as die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie.

	30 Junie 2022	30 Junie 2021	30 Junie 2020	30 Junie 2019	30 Junie 2018
Intrinsieke netto batewaarde – Rand per aandeel	213.10	177.33	154.47	233.03	256.97
JSE – Alle Aandele-indeks	66 223	66 249	54 362	58 204	57 611
– Capped Swix Alle Aandele-indeks	19 371	18 865	15 184	17 685	18 162
– Fin & Ind 30-indeks	81 092	83 912	70 975	77 459	78 391
– Finansiële 15-indeks	14 686	13 103	10 034	16 993	16 139
– Gesondheidsorg <sup>1</sup>	5 362	4 981	4 344	5 225	7 373
Remgro-aandeelprys (Rand)	129.91	114.60	99.90	187.90	204.29

Die onderstaande tabel vergelyk Remgro se IOK met sekere gekose JSE-indekse. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende, wat die ontbondeling van Remgro se belang in RMH insluit, óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die spesifieke berekening.

	Een jaar 30 Junie 2022 (% jaar- op-jaar)	Vyf jaar 30 Junie 2022 (% saamgestel per jaar)	Tien jaar 30 Junie 2022 (% saamgestel per jaar)
JSE – Alle Aandele-indeks	4.7	8.7	10.4
– Capped Swix Alle Aandele-indeks	6.9	5.9	9.1
– Fin & Ind 30-indeks	(0.8)	4.7	11.4
– Finansiële 15-indeks	16.9	4.9	8.9
– Gesondheidsorg <sup>1,2</sup>	9.1	n.v.t	n.v.t
Remgro-aandeel	14.6	(1.6)	5.3

<sup>1</sup> Hersamestelling van J540 Gesondheidsorg na JS2011 Gesondheidsorgverskaffers om die bedryf waarin Mediclinic is beter te weerspieël.

<sup>2</sup> Hersaamgestelde vergelykendes nie beskikbaar.

## Ekonomiese kommentaar en vooruitsigte

Na die stewige begin in 2022 toe Suid-Afrika se reële BBP-groei die mees optimistiese verwagtinge in die eerste kwartaal oortref het, is die ekonomie in die tweede kwartaal deur veelvuldige winde van voor getref. Die veelvoud van skokke het meegebring dat die reële BBP in die drie maande tot Junie ingekrimp het. Wat vooruitsigte betref, sal die volle heropening van die ekonomie en 'n verwagte verdere (matige) momentum in indiensnemingsgroei tot verhoogde groei in die tweede helfte van die jaar lei. Veral in die gasvryheidsbedryf sal 'n terugkeer van buitelandse besoekers indiensnemingsyfers rugsteun. Wat teen 'n beter vertoning in die tweede helfte van die jaar werk, is minder ondersteunende globale groei, snelstygende plaaslike en internasionale inflasie, hoër kort- en langtermynleningskoste, sowel as volgehoue kragrantsoenering. Covid-19 hou ook steeds 'n afwaartse risiko in, hoewel in 'n mindere mate as tevore danksy die verhoogde vlakke van natuurlike immuniteit in Suid-Afrika.

Terwyl Suid-Afrika se ekonomie steeds verskeie storms moet trotseer, is dit bemoedigend om te sien dat vordering gemaak word met Transnet se planne om sy spoornetwerk, asook haween-terminaalfasiliteite op te gradeer. Suksesvolle vennootskappe tussen die privaatsektor en Transnet, wat ons ondersteun, sal baie positief vir Suid-Afrika se langtermyn-ekonomiese groei wees.

Globaal gesien, het reële BBP-groei vooruitsigte aansienlik verswak. Vererger deur die nadelige impak van energie- en voedselverskaffing weens Rusland se inval in Oekraïne, het 'n onverpose toename in inflasie veelvuldige negatiewe gevolge gehad. Dit sluit 'n krisis in lewenskostestyging in baie wêrelddele in. As gevolg hiervan het verbruikersvertroue in ontwikkelde lande afgeneem, terwyl daar in armer streke groter kommer is oor voedselsekureit en hongersnood. Die hoogste inflasie in dekades in ontwikkelde lande het ook sentrale banke, veral in die VSA, gedwing om beleidsrentekoerse aggressief te verhoog. In Junie het die sentrale bank in die VSA (Fed) vir die eerste keer sedert 1994 rentekoerse met 75 basispunte verhoog. Dit is in Julie en September deur verdere toenames van 75 basispunte gevolg. Benewens hierdie beperkinge het die Chinese regering se skadelike nul-Covid-19-beleid ekonomiese bedrywighede in daardie land ernstig gedemp en was dit net nog 'n terugslag vir globale verskaffingskettings gedurende die tweede kwartaal. Die heropeningsoplewing in China sedert Junie kan van korte duur wees indien Covid-19-infeksies weer opvlam.

Ondanks stewige arbeidsmarkte in gevorderde lande het ekonomiese bedrywighede na 'n laer rat oorgeskakel, met die vooruitsigte vir wêreldgroei wat skerp afwaarts aangepas is. Meer voorspellers dui ook resessierisiko's in die VSA, Eurosone en die Verenigde Koninkryk aan. In Europa en die VK het die owerhede groot fiskale ondersteuningspakkette aangekondig om die impak van verhoogde energiekoste vir verbruikers te versag. Dit verminder in 'n mate die risiko van diep resessies.

Teen hierdie agtergrond van hoë inflasie en afwaartse groeirisiko's, het globale effekte-opbrengste op die hoë vlakke van die jongste jare gebly. Kommer oor groeivooruitsigte het

tot wydverspreide afnames in kommoditeitspryse, insluitende olie en koring, gelei van die hoër vlakke wat op die Russiese inval gevolg het. Saam met die afname in globale skeepstariese mag dit die einde van die piek van insetkostedruk aandui. Benewens die onmiddellike toekoms, hou dit goeie gevolge vir toekomstige wêreldinflasie in.

Die begrensde globale omgewing sal waarskynlik daartoe bydra dat Suid-Afrika se reële BBP in die nabye toekoms nie bokant 2% toeneem nie. Aan die positiewe kant het president Cyril Ramaphosa belangrike energiemarkhervormings teen die einde van Julie aangekondig. As dit geïmplementeer word, sal hierdie stappe met die verloop van tyd die las van beurtkrag op die Suid-Afrikaanse ekonomie verlig. Intussen het die energiehervormings die potensiaal om vaste investering deur die privaatsektor te verhoog. Die ontsluiting van beduidende beleggings in groen energie en, soos hierbo genoem, spoor- en hawe-infrastruktuur, kan van die sleutelaandrywers van reële BBP-groei oor die volgende aantal jare wees.

Hoewel plaaslike insetkoste 'n geruime tyd skerp toegeneem het, was dit eers onlangs dat verbruikersinflasie (VPI) in Suid-Afrika begin opvang het by die wêreldwye neiging van skerp toenames. Vir eers is dit slegs 'n wesens VPI-storie, met onderliggende (kern) VPI wat onder beheer in Suid-Afrika is. Daar is egter nou 'n opbou van verbruikersprysdruk en beide in Mei en Junie het wesensVPI-syfers verwagtinge oorskry. Alhoewel wesensVPI inflasie waarskynlik 'n hoogtepunt van 7.8% op 'n jaargrondslag, in Julie bereik het, kan inflasie rondom 7%, op 'n jaargrondslag, vir die res van 2022 bly.

Met die olieprys wat na verwagting oor die volgende 12 maande kan afneem, en die koers van voedselprystoenames wat waarskynlik sal verlangsaam, kan daar verligting wees van die sleutelaandrywers in die huidige stygende inflasiesiklus. Die positiewe effek van 'n laer olieprys was reeds in Augustus en September sigbaar toe die plaaslike petrolprys met 'n kumulatiewe R3.36/liter afgeneem het. Namate goedereinflasie afneem, sal diensteinflasie na verwagting hoër neig. 'n Mate van kleinhandelsprysdruk sal dus waarskynlik voortduur. 'n Fermer randwisselkoers sal 'n verlangsaming in plaaslike inflasiedruk ondersteun. As veronderstel word dat die VSA se BBP-groei wesentlik in 2023 gaan afneem, kan die land se sentrale bank wegbeweeg van rentekoersstygings na 'n beleid van matige verligting. Dit kan beteken dat die VSA-dollar se lopies tot 'n einde kom, wat ondersteuning aan die rand op 'n 12 maande-grondslag kan bied.

Met inagneming van die risiko vir inflasie, het die SAREserebank relatief vroeg in November 2021 rentekoerse begin verhoog. Sover is leningskoste met 275 basispunte verhoog. Die primaaitleenkoers sal na verwagting met 'n verdere 50 basispunte oor die volgende ses maande toeneem. Dit sal die repokoers tot 6.75% verhoog, net bo die vlak wat dit in die laat 2019s was voor Covid-19. Die brose stand van die plaaslike ekonomie sal waarskynlik 'n boperk stel op die hoeveelheid plaaslike rentekoersverhogings.



## Ten slotte

Ek wil graag my kollegas by Remgro en die onderliggende beleggings bedank vir die passie, dissipline en veerkragtigheid wat hulle getoon het en wat ons in staat gestel het om 'n stewige finansiële vertoning te lewer. Ek is ook dankbaar vir ons direksie, wie se volgehoue vertroue in ons 'n voorvereiste vir toekomstige sukses is.

Terwyl daar steeds aansienlike onsekerheid bestaan te midde van die negatiewe globale ekonomiese vooruitsigte en voortgesette geopolitieke onbestendigheid, is ons bemoedig deur Remgro se positiewe bedryfsmomentum, sowel as deur die verwagte voordele wat na verwagting sal spruit uit verskeie transformerende korporatiewe aksies wat nagevolg en geïmplementeer word. Ons bly optimisties oor Remgro se toekomsvooruitsigte en bly hy daartoe verbind om Suid-Afrika se toekoms te help vorm en 'n vennoot in welvaart te wees. 'n Kernfokus van ons volgehoue verbintenis tot die land is om te verseker dat sy jare lange etiese benadering tot besigheid 'n praktiese en hedendaagse inslag vind en aandag skenk aan die mees dringende maatskaplike en

omgewingskwessies wat die land in die gesig staar. Ons verbind ons hiertoe en begryp dat dit uitdagings, maar ook geleenthede tot verandering vir almal se beswil bied.

As 'n organisasie bly ons fokus daarop om ons strategiese prioriteite ten uitvoer te bring en te voldoen aan ons visie om volhoubare waarde vir belanghebbendes te skep, ondanks die uitdagende makro-omgewing.

Ek sluit af deur ons verbintenis te herhaal om 'n rol te speel om Suid-Afrika te help om sterker uit hierdie uitdagende tye te kom as 'n nasie in ooreenstemming met ons doel om die land se toekoms te help vorm en 'n vennoot in welvaart te wees.



**Jannie Durand**  
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch  
26 September 2022

### Remgro se ongenoteerde beleggings is soos volg waardeer:

#### BELEGGING

CIVH

Siqalo Foods

Air Products

TotalEnergies

Kagiso Tiso Holdings (KTH)

Wispeco

Business Partners

Prescient China Equity Fund

Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)

SEACOM

eMedia Investments

PRIF

PGSI

#### WAARDASIEMETODOLOGIE

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Som-van-die-dele (eksterne waardasie)

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Netto batewaarde

Som-van-die-dele

Som-van-die-dele

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Vergelykbare markprys

Som-van-die-dele

Verdiskonteerde kontantvloei-metode

## Intrinsieke netto batewaarde

R miljoen	30 Junie 2022		30 Junie 2021	
	Boek- waarde	Intrinsieke waarde <sup>(1)</sup>	Boek- waarde	Intrinsieke waarde <sup>(1)</sup>
<b>Gesondheidsorg</b>				
Mediclinic	26 681	29 568	24 581	19 358
<b>Verbruikersprodukte</b>				
Distell	8 386	11 969	7 578	11 665
RCL Foods <sup>(2)</sup>	8 816	7 355	8 262	6 926
Siqalo Foods	6 261	6 345	6 226	7 277
<b>Finansiële dienste</b>				
RMI	5 307	13 069	10 174	14 713
Business Partners	1 193	1 193	1 273	1 273
<b>Infrastruktuur</b>				
CIVH	6 905	13 756	4 981	12 054
Grindrod	1 559	1 559	842	842
SEACOM	40	776	23	799
Ander infrastruktuurbeleggings	67	67	701	701
<b>Nywerheid</b>				
Air Products	1 162	4 690	1 063	4 523
TotalEnergies	3 158	3 274	2 242	2 539
Wispeco <sup>(2)</sup>	1 448	1 402	1 229	1 188
Ander nywerheidsbeleggings	189	379	198	415
<b>Gediversifiseerde beleggingsvoertuie</b>				
KTH	1 497	2 145	1 456	2 044
Prescient China Equity Fund	1 189	1 189	1 211	1 211
Milestone III	792	792	1 234	1 234
Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie	1 876	2 122	1 449	1 567
<b>Media</b>				
eMedia Investments <sup>(2)</sup>	856	738	815	616
Ander mediabeleggings	111	150	3	137
<b>Portefeuljebeleggings</b>				
FirstRand <sup>(3)</sup>	7 141	7 141	7 659	7 659
Discovery	5 410	5 410	–	–
Momentum Metropolitan	1 439	1 439	–	–
Ander portefeuljebeleggings	809	809	661	661
<b>Maatskaplike impakbeleggings</b>	132	132	135	135
<b>Sentrale tesourie</b>				
Kontant by die kern <sup>(4)</sup>	12 280	12 280	9 706	9 706
Skuld by die kern	(7 838)	(7 838)	(7 821)	(7 821)
<b>Ander netto korporatiewe bates</b>	1 577	2 221	2 178	2 919
<b>Intrinsieke netto batewaarde (INBW)</b>	<b>98 443</b>	<b>124 132</b>	88 059	104 341
<b>Potensiële KWB-aanspreeklikheid<sup>(5)</sup></b>		<b>(3 930)</b>		(4 150)
<b>INBW na belasting</b>	<b>98 443</b>	<b>120 202</b>	88 059	100 191
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	564.1	564.1	565.0	565.0
<b>INBW na belasting per aandeel (Rand)</b>	<b>174.52</b>	<b>213.10</b>	155.86	177.33
<b>Remgro-aandeelprys (Rand)</b>		<b>129.91</b>		114.60
<b>Persentasie diskonto teenoor INBW</b>		<b>39.0</b>		35.4

<sup>(1)</sup> Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke netto batewaarde, word ongenoteerde beleggings teen IFRS 13: Billike Waarde Metingswaardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.

<sup>(2)</sup> Remgro het die verhaalbare bedrae vir RCL Foods, Wispeco en eMedia Investments bepaal, wat meer is as die beleggings se drawaardes.

<sup>(3)</sup> Die intrinsieke waarde vir FirstRand sluit die belegging teen markwaarde minus uitgestelde kapitaalwinstbelasting (KWB) op die belegging asook die na-belaste nulkosteband verskansing op 19 200 000 FirstRand-aandele in, wat 'n verpligting van R187 miljoen (2021: 'n verpligting van R384 miljoen) bedra.

<sup>(4)</sup> Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik Distell, RCL Foods, Siqalo Foods en Wispeco), uit.

<sup>(5)</sup> Die potensiële KWB-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasie metode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Voorsiening vir KWB is egter vir die voorgestelde Distell/Heineken transaksie gemaak. Addisioneel tot FirstRand, is die uitgestelde KWB op beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste ingesluit in die beleggingsmaatskappy se lynitem hierbo.